higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 2
(Tweede vraestel)

14 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

ALGEMEEN:

1. Assesseer die skryfstukke volgens die aangeduide inhoud en formaat.

2. Inhoud word aangedui met (✓) en word volgens die gegewe situasie nagesien.

3. Formaat word met (X) aangedui en word negatief nagesien tot die aangeduide maksimum.

4. Gebruik die rubriek by elke nasienriglyn vir die beoordeling van taal en styl.

5. Indien 'n skryfstuk uit die vraestel saamgeflans word of dele van opdragte uit vraestelle word net so oorgeskryf, sal die skryfstuk nie logies wees nie en die kandidaat ontvang dan geen punte nie. U kommentaar sal wees: Nie eie werk nie.

6. Indien die kandidaat die opdrag woord vir woord oorgeskryf het as 'Inhoud', word geen punte vir Inhoud of Taal/Styl toegeken nie.

7. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf dan *lengte* ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die kandidate hulself by die inhoud. Skryf weer die woord *lengte* ter verduideliking.

Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbelstreep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter bo-aan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	'n Sirkel

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING A (30):

I	= Inhoud	punt uit 13
F	= Formaat	punt uit 10
T/S	= Taal en Styl	punt uit 7
		30

I	= 8
F	= 3
T/S	= 4
Tot.	15/30

OF

I	F	T/S	Tot.
10	**4**	**6**	**30**
8	3	4	15

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING B (20):

I	= Inhoud	punt uit 10
F	= Formaat	punt uit 4
T/S	= Taal en Styl	punt uit 6
		20

I	= 8
F	= 3
T/S	= 4
Tot.	15/20

OF

I	F	T/S	Tot.
10	**4**	**6**	**20**
8	3	4	15

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING C (10):

I	= Inhoud	punt uit 5
F	= Formaat	punt uit 2
T/S	= Taal en Styl	punt uit 3
		10

I	= 4
F	= 2
T/S	= 2
Tot.	8/10

OF

I	F	T/S	Tot.
5	**2**	**3**	**10**
4	2	2	8

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL (Taal en Styl) – AFDELING A (30)

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70–79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60–69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50–59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is, ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	3 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het **GRAMMATIKAAL** verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig, maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, lesers en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	2 Swak (30–39%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is arm en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.
	0–1 Baie swak (0–29%)	Teks wemel **GRAMMATIKAAL** van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie skraal en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing op onderwerp nie. Moeilik om te volg.

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL (Taal en Styl) – AFDELING B (20)

TAAL EN STYL (6 PUNTE)	**6 Baie goed**	Baie goeie taalgebruik Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies Geen foute met spelling Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë baie goed en gepas Uitgebreide en gevorderde woordeskat Taal idiomaties korrek Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens Kommunikasie uiters effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom
	4–5 Goed	Goeie taalgebruik Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies Min foute met spelling Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas Uitgebreide en gevorderde woordeskat Taal idiomaties korrek Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens Kommunikasie effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom
	2–3 Gemiddeld	Taalgebruik is gemiddeld Minder verskeidenheid sinstipes en -konstruksies Lomp woord- en sinskonstruksie kom dikwels voor Woordeskat is basies en woordbetekenis is nie altyd korrek nie Dwaal soms van onderwerp af Inhoud is vanselfsprekend; niks buitengewoons nie Slaag nog om inhoud verstaanbaar te kommunikeer ten spyte van foute Min gebruik van taalidioom; wel moedertaalinvloed
	1 Swak	Taalgebruik is swak. Sukkel met basiese woord- en sinstrukture Taal lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar Baie foute ten opsigte van sinsbou en woordgebruik Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute Gebruik Engelse woorde Slaag nie daarin om boodskap oor te dra nie Kommunikasie moontlik verstaanbaar omdat leser inlees

ASSESSERINGSKAAL (Taal en Styl) – AFDELING C (10)

TAAL EN STYL (3 PUNTE)	**3 Goed (70% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes goed afgewissel. **WOORDESKAT** is toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op onderwerp.
	2 Gemiddeld (50–69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** ten spyte van foute voldoende saamgestel/gekonstrueer. Verskeidenheid soorte sinne voldoende. Sinslengtes voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	1 Swak (0–49%)	Teks **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

✓ **DUI INHOUD AAN (13)**
X DUI FORMAAT AAN (10)

INHOUD: (13)

- Punte word toegeken vir inligting verskaf soos hierbo aangedui met (✓).
- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X Sender se adres
X STAD
X Enige kode
X (reël oop ***) (Opsioneel)
X Enige datum
X ***
X Die Rektor
X Naam van kollege
X Enige posbus
X STAD
X Poskode
X ***
X Geagte Meneer
X ***
X KLAGTE: ONBETROUBARE BUSDIENS
X ***

✓✓✓ Neem standpunt in en stel duidelik waaroor die brief handel. Sê waaroor jy ongelukkig is. (onbetroubare busdiens)

✓✓✓ Ontevredenheid word duidelik uitgespreek: Noem hoe dit jou studies en verhouding met dosente affekteer.

✓✓✓ ✓ Eis dat onmiddellike aandag aan die probleem gegee moet word. Die bestuurders moet aangespreek word. Die nodige stappe moet teen hulle gedoen word.

✓✓✓ Bevorder welwillendheid – bedank vir aandag aan jou klagte/die voorreg om 'n spesiale busdiens te hê.

***

X Handtekening
X NAAM IN HOOFLETTERS

FORMAAT: (10)

X Teks word negatief nagesien.
X Formaatpunt word met **(X)** op nasienriglyn hier bo aangedui.
X Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n **maksimum van 10 punte**.
X Dui fout met **X** in ANTWOORDBOEK aan.
X Engels, behalwe amptelike Engelse name, word nie aanvaar nie.
X Datum kan aan die linker- of regterkant wees.
X Geen leestekens in adres, aanhef of slot nie.
X Reël word oopgelaat tussen paragrawe.
LW: Soortnaam + straat = Net een skryfwyse, nl. een woord, bv. Kerkstraat
Eienaam + straat = 4 moontlike skryfwyses:
bv. Davidstraat/David Straat/David-straat/ David-Straat

Voorbeelde van adres:

Kerkstraat 12	Posbus 88	Huis 343	Plot 44	Debrahof
Johnstraat/John Straat/	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
John-Straat/John-straat 12	Kode	Kode	Kode	Kode
Pleknaam				
Kode				

TAAL EN STYL: (7)
- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele brief moet gebruik word.
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na.

[30]

OF

VRAAG 2: NAVRAAGBRIEF

✓ **DUI INHOUD AAN (13)**
X DUI FORMAAT AAN (10)

VOORBEELD - DIEN SLEGS AS RIGLYN

X Enige posbus
X STAD
X Kode
X (reël oop)***
OF
X Enige datum
X***
X Die Hoof
X Kliëntediens
X Takealot
X Enige posbus
X Stad
X Poskode
X***
X Geagte Meneer/Mevrou
X***

X NAVRAAG: STUDIEGIDSE

X***

✓✓ Skets die agtergrond van jou probleem.

✓✓✓ Noem die redes vir jou ongelukkigheid.
✓✓✓ Gee weer al die nodige besonderhede van die gidse.
✓✓✓ Noem duidelike gevolge wat die vertraging veroorsaak.

✓✓ Wellwillendheid: Bedank vooruit vir aandag wat aan die navraag geskenk sal word.

X***

x Die uwe

X***

x Handtekening
x NAAM IN HOOFLETTERS

TAAL EN STYL: (7)

- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele brief.
- Sien volgens gegewe assesseringskaal na.

[30]

OF

VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

✓ **DUI INHOUD AAN (13)**
X DUI FORMAAT AAN (10)

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

INHOUD: (13)

- Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.

(X) TITEL VAN NAVORSINGSVERSLAG

(X) **INLEIDING/OPDRAG**
Doel van navorsing✓
Motivering vir ondersoek✓✓
*** (Reël oop)
(X) **PROSEDURE**
Wie was betrokke by die ondersoek?✓
Watter metode is gevolg om inligting te bekom?✓
Watter inligting is gevra?✓
***

(X) **BEVINDINGE**
Watter % studente hou van musiek?
Wanneer luister hulle na musiek?✓
Na watter tipe musiek luister studente graag?✓
Studente se houding teenoor klasse met musiek in lesaanbieding?✓
**

(X) **GEVOLGTREKKING**
Vakke wat baat by musiek as deel van lesaanbieding✓
Verhouding tussen studente en dosente tydens sulke lesse.✓
***

(X) **AANBEVELING**
Meer musiek tydens lesaanbiedings of nie**?**✓
***

(X) **SLOT**
Waarde van so 'n projek✓
***

(X) Handtekening
(X) Hoedanigheid
(X) Datum

FORMAAT: (10)

X Teks word negatief nagesien.
X Formaatpunt word met (X) op nasienriglyn aangedui.
X Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n **maksimum van 10 punte**.
X Dui fout met X in ANTWOORDBOEK aan.
X Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word nie aanvaar nie.
X Reël word oopgelaat tussen paragrawe.

Die volgende subhofies moet daar wees:
X Titel van die verslag
X Inleiding (Opdrag)
X Prosedure
X Bevinding
X Gevolgtrekking
X Aanbevelings
X Slot
X Handtekening
X Hoedanigheid
X Datum

TAAL EN STYL: (7)
- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele verslag.
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na.

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)

VRAAG 4: BESKRYWING

✓ **DUI INHOUD AAN**
X DUI FORMAAT AAN

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

INHOUD: (10)

Jou beskrywing moet die volgende insluit:
✓ 'n Gepaste inleidende sin
✓✓✓ Van wie gaan jy vertel?
✓✓✓ Waarom is die persoon so spesiaal?
✓✓ Jou gewaarwordinge en emosies wat jy met hierdie ervaring/vertelling beleef
✓ 'n Gepaste slotsin

FORMAAT: (4)

X Inleidende sin wat die leser prikkel.
X Liggaam – wat die feite oor die ervaring gee.
X Slot – dui op betekenis van ervaring.
X Logiese samehang.

TAAL EN STYL (6)

Gebruik die verlede tyd of teenwoordige tyd.
Maak gebruik van verbindingswoorde.
Skryf volsinne en maak van beelde en beskrywende woorde gebruik.
Sien volgens gegewe assesseringskaal na.

[20]

OF

VRAAG 5: INSTRUKSIES

✓ **DUI INHOUD AAN**
X DUI FORMAAT AAN

INHOUD (10) (✓)

- TWEE punte per instruksie met 'n rede.
- Kandidate kan slegs 'n maksimum van 10 punte verdien.

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

1.	Maak seker jy skakel die alarm af as jy ingaan en aan as jy loop anders sal die sekuriteitspersoneel dalk dink dat daar inbrekers is.✓✓
2.	Maak die kruietuin agter die huis elke dag liggies met die gieter nat sodat dit nie uitdroog nie.✓✓
3.	Die grasperk hoef net een maal per week water te kry. Daarvoor kan jy die tuinslang en die tenkwater gebruik.✓✓
4.	Onthou om die hekkie stewig toe te maak as jy ou Rover gaan kosgee of gaan toemaak. Motors kan hom maklik raak ry.✓✓
5.	As iets gebeur, gaan sê vir die bure. Hulle sal weet wat om te doen.✓✓

FORMAAT: (4)

X Instruksies kan in bevelvorm gegee word. Oorweeg ook formulering soos: Jy moenie die tuinslang op die gras laat lê nie./Jy moenie vergeet om .../ Jy kan gerus ..., ens.
X Word hoofsaaklik in die teenwoordige tyd geskryf. Oorweeg ook toekomende tyd, bv. Jy sal die sleutel by die bure kan kry. Trek dan die gordyne oop.
X Instruksies volg logies opmekaar – soort by soort.
X Instruksies moet samehangend wees.

TAAL EN STYL (6)

Sien volgens assesseringskaal na.

[20]

OF

VRAAG 6: E-POS

✓ **DUI INHOUD AAN**
X DUI FORMAAT AAN

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

AAN:	X Relevante e-posadres
ONDERWERP:	X Uitnodiging
X BOODSKAP:	
INHOUD	✓ Bou welwillendheid – wees hoflik as jy hulle uitnooi
	✓✓ Dui aan waarheen en waarom jy die persoon uitnooi.
	✓✓ Waar gaan die talentfees plaasvind?
	✓✓ Sê wie die beoordelaars gaan wees./Watter pryse op die spel Is.
	✓✓ Verskaf inskrywingsbesonderhede en
x	✓ kontakbesonderhede van organiseerders.
x	
	Afsluiting

INHOUD (10) (✓)

✓	Bou welwillendheid – wees hoflik
✓✓	Dui aan waarheen en waarom jy die persoon uitnooi.
✓✓	Waar gaan die talentfees plaasvind?
✓✓	Dui aan wie die beoordelaars gaan wees./Watter pryse op die spel is?
✓✓	Verskaf inskrywingsbesonderhede en
✓	kontakbesonderhede van organiseerders.

FORMAAT: (4)

x Aan: Relevante e-posadres
x Onderwerp: Uitnodiging
x Boodskap
x Afsluiting
LW: Naam is opsioneel omdat die ontvanger sal kan sien wie die sender is.

TAAL EN STYL (6)

Sien volgens die assesseringskaal na.

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: VISUELE TEKSTE (30–50 woorde)

VRAAG 7: DIALOOG

✓ **DUI INHOUD AAN**
X DUI FORMAAT AAN

INHOUD: (5)
✓✓ Spreekbeurte (raampies) moet aangedui word.
✓✓ Stemming/emosie moet aangedui word.
✓ Inhoud moet relevant wees.

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

Darren: *(hees)* (Raampie 2)	Jong, ek is so siek soos 'n hond. Maar ek kan sommer hoor jy gaan my laat beter voel. Wat het gebeur?
Jevon: *(glimlaggend)* (Raampie 3)	Laat ek jou vertel. Jy weet mos Meester vrees spinnekoppe. Gister het iemand 'n spinnekop op sy lessenaar gegooi. Toe ons weer sien, lê hy bene in die lug – die stoel het agteroor geslaan!

INHOUD: (5)
✓ Spreekbeurte (raampies) moet aangedui word.
✓ Stemming/emosie moet aangedui word.
✓✓✓ Inhoud moet relevant wees.

FORMAAT: (2)
X Formaat moet korrek volgens dialoogformaat wees.
X Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
X Daar moet 'n reël tussen die twee spreekbeurte oopgelaat word.
X Dit word in die eerste persoon geskryf.

TAAL EN STYL: (3)
- Gepaste styl, toon en register vir dialoog moet gebruik word.
- Kort, eenvoudige sinne moet gebruik word.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

[10]

OF

VRAAG 8: KLEINADVERTENSIE

✓ **DUI INHOUD AAN**
X **DUI FORMAAT AAN**

INHOUD: (5) Punte word toegeken vir inligting verskaf.
Die volgende moet daar wees:
✓ Toepaslike opskrif wat aandag trek.
✓✓✓ Voordele: Geriewe, betroubaar en veilige omgewing
✓ Kontakbesonderhede.

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

OPSOEK NA WOONSTELMAAT

Woonstel binne loopafstand van Tshwane TVET College

- Baie ruim kamer in veilige omgewing
- Elektrisiteit en water by huurgeld ingesluit
- Toegang tot alle geriewe
- Huur: R2 000 per maand, onderhandelbaar

Kontak: Luke 078 346 7000
Naweke tussen 09:00 – 18:00

FORMAAT: (2)

X ABBA-beginsel toegepas
X Kleinadvertensie moet aanskoulik wees.

TAAL EN STYL: (3)

- Gepaste styl, toon en register moet gebruik word.
- Kort, eenvoudige sinne moet gebruik word.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

[10]

OF

VRAAG 9: PLAKKAAT

✓ **DUI INHOUD AAN**
X **DUI FORMAAT AAN**

INHOUD: (5)

Punte word toegeken vir inligting verskaf (✓)
Die volgende moet daar wees:
✓ Tipe fees
✓✓✓ Tyd, plek ent toegang
✓ Aanbiedings
✓ Kontaknommer

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

MUSIEKFEES



2023

PLEK:
TYD:
TOEGANG:

KOM DEEL IN DIE PRET

KOM KUIER SAAM MET JOU GUNSTELING- PLAASLIKE KUNSTENAAR EN TV-PERSOONLIKHEID

Kosstalletjies en speletjies vir oud en jonk.
Vir meer besonderhede skakel:

Louis/Hilda 087394 966/083 647 9094

FORMAAT: (2)

X ABBA-beginsel toegepas
X Kennisgewing moet aanskoulik wees.

TAAL EN STYL: (3)

- Gepaste styl, toon en register moet gebruik word.
- Kort, eenvoudige sinne moet gebruik word.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

[10]

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou